

Hoofstuk van die dag: 2 Petrus 1

> *… geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig. (vers 21)*

Ons bely dat die Bybel ’n geïnspireerde boek is. Die Heilige

Gees het mense meegevoer (vers 21). Dis nie asof Hy woord vir woord gedikteer het wat neergeskryf moes word (die sg. meganiese inspirasieleer) nie. Hy het eerder ’n boodskap in die hart van ’n skrywer gelê, en dié het dan met sy eie gawes en vermoëns dié boodskap op skrif gestel (die organiese inspirasieleer). Daarom sê ons die Bybel is God se woord, deur mense neergepen.
Die Bybel is dus nie onfeilbaar as ’n mens dit aan die wetenskap meet nie. Dit is wel onfeilbaar as ons die boodskap wat God deur die teks aan ons wil oordra, reg hoor. Daarom vereis die regte lees van die Bybel dikwels van ons om te vra: Wat is die boodskap wat die oorspronklik skrywer wou oordra? Wat was die konteks? En: Hoe moet ons daardie boodskap vandag vertolk? Ons omstandighede en kultuur verskil immers wesenlik van die Bybelskrywer s’n.
Eers as ons ons huiswerk goed doen, kan ons staat maak op die lig van die Bybel vir ons lewe (vers 19).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026